

13 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 5:21-26

Fokusgedeelte: Matteus 5:23, 24

Prioriteite!

Ons is baie gou om vir ander mense te sê: Kry jou prioriteite reg! Maar is ons prioriteite reg?

Waar God Koning is, is daar ander prioriteite wat in hierdie sondige aardse bedeling geld. Vir die leiers van die afvallige kerk, die Fariseërs, was die seremoniële wette, die offerdiens so 'n prioriteit dat hulle van die mense verwag het om dit ten alle koste te onderhou. Die Here Jesus Christus beskou gesonde menseverhoudinge egter as 'n hoër prioriteit as om slegs 'n offer uit pligsbesef te bring terwyl jy weet dat jou verhouding met jou broer of suster nie reg is nie. Al is jy reeds in die proses om 'n offer te bring en dit jou dáár byval dat jou broer iets teen jou het, is dit belangriker om daar en dan eers aandag aan die stukkende verhouding te gee. Anders het dit tog geen sin nie! Ongeag of jy die skuldige party is of nie! Eers as jou verhoudinge met ander uitgesorteer is, kan jy met soveel meer geloofwaardigheid die Here met oorgawe gaan dien!

Jesus het Homself eers aan die kruis laat offer om ons met God te versoen voordat Hy sy Nuwe-Testamentiese kerk gevestig het! Daardeur het Hy sy Gees gestuur om ons met nuwe oë na Hom, die erediens, ons medegelowiges en medemens te laat kyk. Nou kan ons met soveel meer integriteit Hom dien!

Hoe lyk jou verhoudinge met jou medegelowige terwyl jy met die Here besig is? Watter dinamika kan in ons getuienis loskom wanneer ons binne gesonde onderlinge menseverhoudinge die Here kan dien!

Sing: Skrifberyming 9-4:1

Ds. SFF van der Walt (Kathu/Olifantshoek)